

29 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 11:14 – 12:28**

**Fokusgedeelte: Spreuke 1:22a**

### **Die sondige optrede van 'n dom aap**

Iemand is 'n “dom aap” as hy onnosel, onnadenkend en dwaas optree. Spreuke 1:22a praat van so 'n mens. Dit is iemand wat maklik verlei word, wat naïef is, wat maklik beïnvloed word, wat maklik onder verkeerde invloed kom (Spr. 1:32; 7:7; 14:15; Job 5:2; Ps. 19:8; 116:6).

Só is baie mense, sê Spreuke. Hulle wil God in sy Woord nie ken nie en na sy raad nie luister nie. Hulle klou vas aan hulle onkunde en onkunde bevorder sonde (Luk. 23:34). Die *onkundiges* is verslaaf aan hulle oningeligte begrip van wat goed en kwaad is. Die *eenvoudiges* is verknog aan hulle vooroordele teen die weë van God. Die *dwase* is in hulle element as hulle iets dom-astrants doen. Die *onverstandiges* vlei hulleself in hulle goddeloosheid.

Wie na God luister, word verlos van onkunde. God gee ware, diepgaande, allesomvattende kennis. God se kennis gee koers en rigting en laat jou die dwaalweë raaksien, bring jou tot die besef dat jy dom-astrant is in jou eie bepaling van wat reg en verkeerd is. God se wysheid wys die pad uit die donker oerwoud van sonde en ongeregtigheid aan.

Volhard jy in sonde sonder om jou te bekeer? Hou jy aan met sonde, al weet jy van beter? Doen wat Spreuke 1:23 sê: “As julle luister na my teregwyding, gee ek julle my wysheid in oorfloed en leer ek julle my woorde begryp.”

Sing: Psalm 73:9

Dr. CN van der Merwe (Emeritus)